## Hoofstuk XI

## 'N ONDERSOEK NA DIE PRAKTIESE OPLEIDING VAN ONDERWY= SERS, UITGEVOER ONDER HOOFDE VAN TRANSVAALSE SKOLE

### 1. Die vraelys aan skoolhoofde[1]

Die vraelys aan skoolhoofde is in twee af= delings verdeel. In afdeling A word die algemene kenmerke van die ondersoekgroep nagegaan. In af= deling B word gepoog om skoolhoofde se beleid en praktyk ten opsigte van oefenonderwys aan hulle sko= le vas te stel en om hul menings ten opsigte van verskillende sake in verband met die praktiese oplei= ding van onderwysers te peil.

#### a. Afdeling A : Algemene besonderhede

Hierdie afdeling bevat twee vrae wat in die eerste plek die algemene kenmerke van die ondersoekgroep wil vasstel.

Vraag A1 wil die ondersoekgroep volgens skool= tipes indeel. So kan vasgestel word of daar verskil= le is met betrekking tot die beleid wat deur verskil= lende soorte skole ten opsigte van die praktiese op= leiding van onderwysstudente gevolg word. Daar moet ook vasgestel word in watter mate daar ooreenkomste of verskille in sake rakende die praktiese opleiding is.

---

1) Kyk bylae D.

Vraag A2 wil die aantal jare ondervinding met oefenonderwys van die verskillende skole in die on=dersoekgroep bepaal. Die doel met hierdie vraag is slegs om vas te stel of die skole waaraan die hoofde verbonde is, wel voldoende ervaring van oefenonder=wys het en of die hoofde dus met gesag oor die sake waaroor navraag gedoen word, kan rapporteer.[1)]

b. <u>Afdeling B : Die praktiese opleiding van onderwysstudente</u>

In hierdie afdeling is hoofsaaklik vrae gestel wat bedoel is om skoolhoofde se houding ten opsigte van oefenonderwys in die algemeen en hulle organisasie van oefenonderwys by hulle skole vas te stel.

In vraag B1 word die moontlike redes waarom stu=dente by die skole welkom is of nie welkom is nie, ontleed.

Vrae B2 en 3 wil vasstel watter tye van die jaar oefenonderwys die skole onderskeidelik die beste en die minste pas.

Skole se organisasie van oefenonderwys word in vraag B4 en B5 ontleed, terwyl verskillende aspekte van die skole se skakeling met die opleidingsinrig=tings in vraag B6 aan die orde kom.

In vraag B7 word skoolhoofde se menings ten opsigte van die huidige beleid van oefenonderwys

---

1) Kyk bepaling van universum, hfst. VIII, p. 188.

TABEL 86.

VERTEENWOORDIGING VAN DIE VERSKILLENDE SKOOLTIPES IN DIE ONDERSOEKGROEP VAN SKOOLHOOFDE.

| SKOOLTIPE | UNIVERSUM | VOLTOOIDE VRAELYSTE GEBRUIK | PERSENTASIE PER SKOOLTIPE |
|---|---|---|---|
| Juniorskole. | 11 | 7 | 63.6 |
| Laerskole. | 216 | 139 | 64.4 |
| Hoërskole. | 99 | 51 | 51.5 |
| Spesiale skole. | 8 | 5 | 62.5 |
| TOTAAL. | 334 | 202 | 60.5 |

TABEL 87.

VERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VAN SKOOLHOOFDE VOLGENS SKOOLTIPES.

| SKOOLTIPE | ONDERSOEKGROEP | | UNIVERSUM | |
|---|---|---|---|---|
| | GROOTTE | % VAN 202 | GROOTTE | % VAN 334 |
| Juniorskole. | 7 | 3.5 | 11 | 3.3 |
| Laerskole. | 139 | 68.8 | 216 | 64.7 |
| Hoërskole. | 51 | 25.2 | 99 | 29.6 |
| Spesiale skole. | 5 | 2.5 | 8 | 2.4 |
| TOTAAL. | 202 | 100.0 | 334 | 100.0 |

vasgestel asook hulle sienswyses in verband met sekere moontlike wysigings in die beleid.

## 2. Die algemene kenmerke van die ondersoekgroep

Die ondersoekgroep uit die geledere van die skole wat as universum bepaal is, is nie 'n suiwer statistiese steekproef nie. Daar is naamlik be= sluit om aan alle skole van die omskrewe universum[1)] vraelyste te stuur en om dit as voldoende te aanvaar wanneer die voltooide vraelyste wat ontvang is vyf= tig persent van die universum bereik.

### a. Verdeling van die ondersoekgroep volgens skooltipes

Volgens tabel 86 verteenwoordig die on= dersoekgroep van 202 respondente 60.5% van die skool= hoofde-universum. Van elke skooltipe het ook min= stens 50% van die betrokke universum vraelyste vol= tooi.

Elke skooltipe is dus voldoende volgens die voorafbepaalde vereiste in die ondersoekgroep ver= teenwoordig.

Alhoewel die ondersoekgroep nie as 'n ware sta= tistiese steekproef beplan is nie, toon 'n ontleding van tabel 87 dat daar nogtans 'n treffende ooreen= koms tussen die persentuele waardes van die onder= soekgroep en die universum is.

---

1) Kyk hoofstuk VIII, p. 188.

TABEL 88.

VERDELING VAN ONDERSOEKGROEP VAN SKOOLHOOFDE VOLGENS HULLE SKOLE SE ERVARING VAN OEFENONDERWYS.

| JARE ERVARING VAN OEFENONDERWYS. | ONDERSOEKGROEP | |
|---|---|---|
| | GROOTTE | % VAN 200 |
| $0 - \overline{1}$ | 0 | 0.0 |
| $1 - \overline{2}$ | 2 | 1.0 |
| $2 - \overline{5}$ | 13 | 6.5 |
| $5 - \overline{10}$ | 59 | 29.5 |
| $10 - \overline{20}$ | 80 | 40.0 |
| $20 - \overline{30}$ | 37 | 18.5 |
| 30+ | 9 | 4.5 |
| TOTAAL. | 200 1) | 100.0 |

1) Die grootte van die ondersoekgroep is in hierdie geval 200 in plaas van 202 aangesien twee respondente versuim het om die betrokke vraag te beantwoord.

b. Verdeling van die ondersoekgroep volgens die betrokke skole se ervaring van oefen=onderwys

'n Ontleding van tabel 88 toon die volgende: 63% van die skole ontvang vir tien jaar en langer studente vir oefenonderwys. As die groep 5-10 jaar by die vorige groepe getel word, blyk dit dat 92.5% van die skole vyf jaar en langer ondervin=ding van oefenonderwysstudente het. As vyf jaar ervaring as „wye ervaring" beskryf kan word, blyk dit dus dat die groot meerderheid van die ondersoek=groep se skole in hierdie kategorie val.

Die skole se ervarenheid ten opsigte van oefenon=derwys is verwag aangesien die universum saamgestel is uit skole wat gereeld studente vir oefenonderwys ontvang.

Samevattend kan die ondersoekgroep van skool=hoofde beskryf word as 'n ondersoekgroep bestaande uit 202 skoolhoofde waarvan die persentuele verteen=woordiging volgens skooltipes 'n treffende ooreenkoms met die persentuele verteenwoordiging van die skool=tipes in die universum vertoon. Verder bestaan die ondersoekgroep grootliks uit skoolhoofde verbonde aan skole met 'n wye ervaring van oefenonderwys.

3. Die praktiese opleiding van onderwysstudente

a. Redes waarom studente by skole welkom is of nie is nie

(1) In vraag B1(a) is hoofde se reaksies op verskillende voorgestelde redes waarom studente

TABEL 89.

OF STUDENTE BY SKOLE WELKOM IS OMDAT HOOFDE DIE GELEENTHEID VERWELKOM OM MET ONDERWYSERSOPLEIDING BEHULPSAAM TE WEES.

| | 1 STEM GLAD NIE SAAM | | 2 STEM IN GERINGE MATE SAAM | | 3 GEMIDDELD | | 4 STEM IN HOË MATE SAAM | | 5 STEM HEELTEMAL SAAM | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 0 | 0.0 | 2 | 28.5 | 2 | 28.5 | 1 | 14.2 | 2 | 28.5 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 1 | 0.7 | 4 | 2.8 | 18 | 12.9 | 43 | 30.9 | 72 | 51.7 | 1 | 139 |
| Hoërskole. | 0 | 0.0 | 1 | 1.9 | 12 | 23.5 | 18 | 35.2 | 20 | 39.2 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 20.0 | 2 | 40.0 | 2 | 40.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 1 | 0.4 | 7 | 3.4 | 33 | 16.3 | 64 | 31.6 | 96 | 47.5 | 1 | 202 |

1)

1) Die getal juniorskole en spesiale skole (respektiewelik 7 en 5) in die ondersoek=groep is baie klein in verhouding met dié van die laerskole en hoërskole (respektiewelik 139 en 51). Gevolglik sal in die ontleding van die tabelle in hierdie hoofstuk nie veel waarde geheg kan word aan die persentuele waardes van eersgenoemde twee skooltipes in hulle verhouding tot die laerskole en hoërskole nie.

by hulle skole welkom sou wees, vasgestel. Die be=sonderhede van hulle antwoorde op hierdie vrae is in tabelle 89-92 saamgevat.

(a) Eerstens is die respondente se re=aksie op die moontlikheid dat hulle dit verwelkom om met die opleiding van toekomstige onderwysers behulp=saam te wees, vasgestel.

'n Algemene ontleding van tabel 89 toon dat die groot meerderheid van die respondente met hierdie suggestie saamstem, aangesien 79.1% (4+5) verklaar dat hulle in 'n hoë mate tot heeltemal daarmee saam=stem.

Slegs 3.4% (1+2) het glad nie of slegs in 'n geringe mate saamgestem.

'n Ontleding volgens skooltipes toon dat laer=skoolhoofde in 'n groter mate die geleentheid ver=welkom om met opleiding behulpsaam te wees as hoër=skoolhoofde, aangesien 51.7% van die laerskoolhoofde heeltemal met die betrokke bewering saamstem teenoor 39.2% van die hoërskoolhoofde.

(b) Tweedens is respondente se reaksie vasgestel op die suggestie dat studente by hulle skole welkom is omdat hulle met sportafrigting en admini=stratiewe take kan help sodat onderwysers meer aan=dag aan hulle klaswerk kan gee. Volgens tabel 90 verklaar 39.1% van die skoolhoofde dat hulle glad nie en 44.0% dat hulle slegs in 'n geringe mate met die bewering saamstem.

**TABEL 90.**

**OF STUDENTE BY SKOLE WELKOM IS OMDAT HULLE MET SPORTAFRIGTING EN ADMINISTRATIEWE TAKE KAN HELP SODAT ONDERWYSERS MEER AANDAG AAN KLASWERK KAN GEE.**

| | 1 STEM GLAD NIE SAAM | | 2 STEM IN GERINGE MATE SAAM | | 3 GEMIDDELD | | 4 STEM IN HOë MATE SAAM | | 5 STEM HEELTEMAL SAAM | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 4 | 57.1 | 3 | 42.8 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 49 | 35.2 | 66 | 47.4 | 17 | 12.2 | 5 | 3.5 | 2 | 1.4 | 0 | 139 |
| Hoërskole. | 24 | 47.0 | 19 | 37.2 | 5 | 9.8 | 2 | 3.9 | 0 | 0.0 | 1 | 51 |
| Spesiale skole. | 2 | 40.0 | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 2 | 40.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 79 | 39.1 | 89 | 44.0 | 22 | 10.8 | 9 | 4.4 | 2 | 0.9 | 1 | 202 |

**TABEL 91.**

**OF STUDENTE BY SKOLE WELKOM IS OMDAT HULLE MET KLASWERK HELP SODAT ONDERWYSERS MEER AANDAG AAN ADMINISTRATIEWE EN SPORTAANGELEENTHEDE KAN GEE.**

| | 1 STEM GLAD NIE SAAM | | 2 STEM IN GERINGE MATE SAAM | | 3 GEMIDDELD | | 4 STEM IN HOë MATE SAAM | | 5 STEM HEELTEMAL SAAM | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 5 | 71.4 | 2 | 28.5 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 55 | 39.5 | 65 | 46.7 | 12 | 8.6 | 6 | 4.3 | 1 | 0.7 | 0 | 139 |
| Hoërskole. | 24 | 47.0 | 22 | 43.1 | 4 | 7.8 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 51 |
| Spesiale skole. | 1 | 20.0 | 1 | 20.0 | 1 | 20.0 | 2 | 40.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 85 | 42.0 | 90 | 44.5 | 17 | 8.4 | 8 | 3.9 | 1 | 0.4 | 1 | 202 |

'n Ontleding volgens skooltipes toon 'n groot mate van eenstemmigheid in die antwoorde van laer- en hoërskoolhoofde, aangesien 82.6% (1+2) van die laerskoolhoofde en 84.2% (1+2) van die hoërskool=hoofde glad nie of slegs in 'n geringe mate met die bewering saamstem.

(c) Vervolgens word in tabel 91 die reaksie van hoofde vasgestel op die vraag of studente by hulle skole welkom is omdat hulle met klaswerk help sodat onderwysers meer aandag aan administratiewe en sportaangeleenthede kan gee. Ook op hierdie moontlikheid reageer skoolhoofde sterk negatief. 86.5% stem glad nie of slegs in 'n geringe mate met die bewering saam.

Tussen die antwoorde van die laer- en hoërskool=hoofde is daar ook geen noemenswaardige verskille nie.

(d) Op die vraag of studente by die skole welkom is omdat hulle op hoogte met die nuutste onderwysontwikkelings en vakmetodieke is, antwoord die skoolhoofde volgens tabel 92 soos volg: 54.8% (1+2) stem glad nie of slegs in 'n geringe mate saam, 28.2% stem „gemiddeld" saam terwyl 15.7% (4+5) in 'n hoë mate tot heeltemal saamstem.

Hieruit kan afgelei word dat alhoewel die meer=derheid van die respondente van mening is dat studente glad nie of slegs in 'n geringe mate op hoogte met die nuutste onderwysontwikkelings en vakmetodieke is, 'n aansienlike persentasie, t.w. 43.9% (3-5) die stu=

TABEL 92.

OF STUDENTE BY SKOLE WELKOM IS OMDAT HULLE OP HOOGTE IS MET DIE JONGSTE ONDERWYSONTWIKKELINGS EN VAKMETODIEKE.

| | 1 STEM GLAD NIE SAAM | | 2 STEM IN GERINGE MATE SAAM | | 3 GEMIDDELD | | 4 STEM IN HOË MATE SAAM | | 5 STEM HEELTEMAL SAAM | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 1 | 14.2 | 2 | 28.5 | 3 | 42.8 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 7 |
| Laerskole. | 14 | 10.0 | 59 | 42.4 | 42 | 30.2 | 18 | 12.9 | 6 | 4.3 | 0 | 139 |
| Hoërskole. | 10 | 19.6 | 23 | 45.0 | 11 | 21.5 | 4 | 7.8 | 2 | 3.9 | 1 | 51 |
| Spesiale skole. | 0 | 0.0 | 2 | 40.0 | 1 | 20.0 | 2 | 40.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 25 | 12.3 | 86 | 42.5 | 57 | 28.2 | 24 | 11.8 | 8 | 3.9 | 2 | 202 |

TABEL 93.

OF STUDENTE BY SKOLE ONWELKOM IS OMDAT HULLE DIE SKOOLORGANISASIE ONTWRIG.

| | 1 STEM GLAD NIE SAAM | | 2 STEM IN GERINGE MATE SAAM | | 3 GEMIDDELD | | 4 STEM IN HOË MATE SAAM | | 5 STEM HEELTEMAL SAAM | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 1 | 14.2 | 4 | 57.1 | 1 | 14.2 | 1 | 14.2 | 0 | 0.0 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 51 | 36.6 | 66 | 47.4 | 12 | 8.6 | 3 | 2.1 | 3 | 2.1 | 4 | 139 |
| Hoërskole. | 15 | 29.4 | 20 | 39.2 | 8 | 15.6 | 5 | 9.8 | 3 | 5.8 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 4 | 80.0 | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 71 | 35.1 | 91 | 45.0 | 21 | 10.3 | 9 | 4.4 | 6 | 2.9 | 4 | 202 |

dente omrede hierdie kennis by hulle skole verwelkom.

Samevattend blyk dit dus dat van die voorgestel=de redes waarom studente by skole welkom sou wees, die enigste duidelike rede die feit is dat hoofde dit verwelkom om met toekomstige onderwysers se op=leiding behulpsaam te wees.

(2) In vraag B1(b) is hoofde versoek om sekere voorgestelde redes waarom studente nie by die skole welkom sou wees nie, te evalueer. Tabelle 93-98 verstrek die antwoorde op hierdie vrae.

(a) In die eerste plek is hoofde se reaksie op die moontlikheid dat studente die skool=organisasie ontwrig, vasgestel.

Uit die algemene ontleding van tabel 93 blyk dit dat 80.1% (1+2) van die respondente glad nie of slegs in 'n geringe mate met die bewering saamstem, terwyl 7.3% (4+5) die bewering in 'n hoë mate tot heeltemal onderskryf.

Ontleed volgens skooltipes blyk dit dat 68.6% (1+2) van die hoërskoolhoofde glad nie of in 'n ge=ringe mate saamstem teenoor 84.0% (1+2) van die laer=skoolhoofde, terwyl 15.6% (4+5) van die hoërskool=hoofde in 'n hoë mate tot heeltemal saamstem teenoor 4.2% (4+5) van die laerskoolhoofde. Hieruit blyk dit dat 'n groter persentasie hoërskoolhoofde as laerskoolhoofde verklaar dat studente hulle skool=organisasie ontwrig.

TABEL 94.

OF STUDENTE BY SKOLE ONWELKOM IS OMDAT HULLE DIE LEERLINGE SE VORDERING STREM.

| | 1 STEM GLAD NIE SAAM | | 2 STEM IN GERINGE MATE SAAM | | 3 GEMIDDELD | | 4 STEM IN HOË MATE SAAM | | 5 STEM HEELTEMAL SAAM | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | | | | | | | |
| **Juniorskole.** | 0 | 0.0 | 4 | 57.1 | 2 | 28.5 | 1 | 14.2 | 0 | 0.0 | 0 | 7 |
| **Laerskole.** | 44 | 31.6 | 73 | 52.5 | 13 | 9.3 | 2 | 1.4 | 2 | 1.4 | 5 | 139 |
| **Hoërskole.** | 14 | 27.4 | 16 | 31.3 | 16 | 31.3 | 4 | 7.8 | 1 | 1.9 | 0 | 51 |
| **Spesiale skole.** | 5 | 100.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 63 | 31.1 | 93 | 46.0 | 31 | 15.3 | 7 | 3.4 | 3 | 1.4 | 5 | 202 |

TABEL 95.

OF STUDENTE BY SKOLE ONWELKOM IS OMDAT HULLE DIE ONDERWYSERS SE KLASWERK ONTWRIG.

| | 1 STEM GLAD NIE SAAM | | 2 STEM IN GERINGE MATE SAAM | | 3 GEMIDDELD | | 4 STEM IN HOË MATE SAAM | | 5 STEM HEELTEMAL SAAM | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | | | | | | | |
| **Juniorskole.** | 1 | 14.2 | 2 | 28.5 | 2 | 28.5 | 1 | 14.2 | 1 | 14.2 | 0 | 7 |
| **Laerskole.** | 22 | 15.8 | 78 | 56.1 | 27 | 19.4 | 5 | 3.5 | 2 | 1.4 | 5 | 139 |
| **Hoërskole.** | 10 | 19.6 | 22 | 43.1 | 13 | 25.4 | 5 | 9.8 | 1 | 1.9 | 0 | 51 |
| **Spesiale skole.** | 2 | 40.0 | 2 | 40.0 | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 35 | 17.3 | 104 | 51.4 | 43 | 21.2 | 11 | 5.4 | 4 | 1.9 | 5 | 202 |

(b) Tweedens is hoofde gevra om te reageer op die moontlikheid dat studente die leerlinge se vordering strem. Volgens tabel 94 verklaar 77.1% (1+2) van die respondente dat hulle glad nie of slegs in 'n geringe mate met die bewering saamstem. Slegs 4.8% (4+5) onderskryf hierdie bewering in 'n hoë mate tot heeltemal.

'n Ontleding volgens skooltipes toon die volgende:

(i) Van die hoërskoolhoofde stem 41.0% (3-5) gemiddeld tot heeltemal met die bewering saam teenoor 12.1% (3-5) van die laerskoolhoofde. Hieruit is dit duidelik dat 'n baie groter persen= tasie hoërskoolhoofde as laerskoolhoofde verklaar dat studente hulle leerlinge se vordering strem.

(ii) Dit is opmerklik dat die hoof= de van al vyf die spesiale skole verklaar dat studente glad nie hulle leerlinge se vordering strem nie, terwyl die hoofde van al sewe juniorskole verklaar dat dit by hulle skole wel in 'n mindere of meerdere mate die ge= val is.

(c) Derdens wou vasgestel word of studente by skole onwelkom sou wees omdat hulle die onderwysers se klaswerk ontwrig.

'n Algemene ontleding van tabel 95 toon die volgende:

(i) 17.3% van die respondente ver= klaar dat hulle glad nie met die suggestie saamstem nie, terwyl 51.4% in 'n geringe mate saamstem. Vol= gens 28.5% (3-5) van die hoofde wat gemiddeld tot

TABEL 96.

OF STUDENTE BY SKOLE ONWELKOM IS OMDAT HULLE NIE BY DIE SKOOLSAMELEWING INPAS NIE.

| | 1 STEM GLAD NIE SAAM | | 2 STEM IN GERINGE MATE SAAM | | 3 GEMIDDELD | | 4 STEM IN HOë MATE SAAM | | 5 STEM HEELTEMAL SAAM | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole | 2 | 28.5 | 4 | 57.1 | 0 | 0.0 | 1 | 14.2 | 0 | 0.0 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 77 | 55.3 | 42 | 30.2 | 8 | 5.7 | 4 | 2.8 | 3 | 2.1 | 5 | 139 |
| Hoërskole. | 24 | 47.0 | 17 | 33.3 | 8 | 15.6 | 2 | 3.9 | 0 | 0.0 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 3 | 60.0 | 1 | 20.0 | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 106 | 52.4 | 64 | 31.6 | 17 | 8.4 | 7 | 3.4 | 3 | 1.4 | 5 | 202 |

TABEL 97.

OF STUDENTE BY SKOLE ONWELKOM IS OMDAT HULLE ONGEDISSIPLINEERD IS.

| | 1 STEM GLAD NIE SAAM | | 2 STEM IN GERINGE MATE SAAM | | 3 GEMIDDELD | | 4 STEM IN HOë MATE SAAM | | 5 STEM HEELTEMAL SAAM | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 5 | 71.4 | 2 | 28.5 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 75 | 53.9 | 47 | 33.8 | 8 | 5.7 | 1 | 0.7 | 0 | 0.0 | 8 | 139 |
| Hoërskole. | 23 | 45.0 | 22 | 43.1 | 6 | 11.7 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 5 | 100.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 108 | 53.4 | 71 | 35.1 | 14 | 6.9 | 1 | 0.4 | 0 | 0.0 | 8 | 202 |

heeltemal saamstem, is die feit dat studente onder=wysers se klaswerk ontwrig, wel 'n rede waarom stu=dente onwelkom by skole is.

Ten opsigte van die verskillende skooltipes is daar geen duidelike verskille op te merk nie.

(d) Vervolgens wou vasgestel word of studente onwelkom by die skole sou wees omdat hulle nie by die skoolsamelewing inpas nie.

Op hierdie vraag antwoord die respondente, vol=gens tabel 96, baie duidelik negatief. 84.0% (1+2) verklaar nl. dat hulle glad nie of slegs in 'n ge=ringe mate met die suggestie saamstem. 13.2% (3-5) stem „gemiddeld" tot heeltemal saam.

Die verskillende skooltipes het ten opsigte van hierdie vraag ook in 'n groot mate eenders gereageer.

(e) Op die vraag of studente by skole onwelkom sou wees omdat hulle ongedissiplineerd is, is die reaksie volgens tabel 97 soos volg: Die groot meerderheid van die respondente, t.w. 88.5% (1+2) stem glad nie of slegs in 'n geringe mate met die bewering saam, 6.9% „gemiddeld" en net 1 respondent (0.4%) in 'n hoë mate.

Dit is dus duidelik dat studente hulle slegs in uitsonderlike gevalle by die skole aan ongedissipli=neerdheid skuldig maak.

(f) Laastens is gepoog om vas te stel of studente by skole onwelkom sou wees omdat hoofde

TABEL 98.

OF STUDENTE BY SKOLE ONWELKOM IS OMDAT ONDERWYSERSOPLEIDING NIE OOK DIE TAAK VAN DIE SKOLE IS NIE.

| | 1 STEM GLAD NIE SAAM | | 2 STEM IN GERINGE MATE SAAM | | 3 GEMIDDELD | | 4 STEM IN HOË MATE SAAM | | 5 STEM HEELTEMAL SAAM | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 1 | 14.2 | 2 | 28.5 | 1 | 14.2 | 2 | 28.5 | 0 | 0.0 | 1 | 7 |
| Laerskole. | 78 | 56.1 | 24 | 17.2 | 12 | 8.6 | 13 | 9.3 | 5 | 3.5 | 7 | 139 |
| Hoërskole. | 30 | 58.8 | 12 | 23.5 | 6 | 11.7 | 2 | 3.9 | 1 | 1.9 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 3 | 60.0 | 1 | 20.0 | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 112 | 55.4 | 39 | 19.3 | 20 | 9.9 | 17 | 8.4 | 6 | 2.9 | 8 | 202 |

TABEL 99.

KWARTALE WAT SKOLE DIE BESTE PAS VIR OEFENONDERWYS.

| | EERSTE | | TWEEDE | | DERDE | | VIERDE | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 1 | 14.2 | 7 | 100.0 | 6 | 85.7 | 1 | 14.2 | 7 |
| Laerskole. | 43 | 30.9 | 112 | 80.5 | 123 | 88.4 | 13 | 9.3 | 139 |
| Hoërskole. | 20 | 39.2 | 36 | 70.5 | 39 | 76.4 | 3 | 5.8 | 51 |
| Spesiale skole. | 2 | 40.0 | 3 | 60.0 | 4 | 80.0 | 2 | 40.0 | 5 |
| TOTAAL. | 66 | 32.6 | 158 | 78.2 | 172 | 85.1 | 19 | 9.4 | 202 |

van mening is dat opleiding van onderwysers nie ook die taak van die skole is nie. Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 98 ver=strek. Dit blyk uit 'n algemene ontleding van die tabel dat 74.7% (1+2) van die respondente glad nie of slegs in 'n geringe mate met die bewering saamstem, terwyl 9.9% „gemiddeld" en 11.3% (4+5) in 'n hoë mate tot heeltemal saamstem.

'n Ontleding volgens skooltipes toon dat 82.3% (1+2) van die hoërskoolhoofde glad nie of in 'n ge=ringe mate met die bewering saamstem teenoor 73.3% (1+2) van die laerskoolhoofde. 5.8% (4+5) van die hoërskoolhoofde stem in 'n hoë mate tot heeltemal met die bewering saam teenoor 12.8% (4+5) van die laerskoolhoofde.

Daar is dus 'n aanduiding dat 'n groter persen=tasie hoërskoolhoofde as laerskoolhoofde hulle inrig=tings as medeverantwoordelik vir die opleiding van onderwysers sien.

Samevattend blyk die volgende ten opsigte van die moontlike redes waarom studente by die skole on=welkom sou wees:

(i) Die groot meerderheid van die respondente is van mening dat studente nie om die ge=noemde redes onwelkom by die skole is nie.

(ii) Aspekte wat in 'n groter mate daarvoor verantwoordelik is dat sekere hoofde die stu=dente as onwelkom beskou, is nl. dat studente die skoolorganisasie ontwrig (7.3%), dat hulle die onder=

wysers se klaswerk ontwrig (7.3%) en dat onderwysers=opleiding nie as die medeverantwoordelikheid van skole beskou kan word nie (11.3%).

(iii) Ten opsigte van die verskillende skooltipes verklaar 'n groter persentasie hoërskool=hoofde as laerskoolhoofde dat studente die skoolorga=nisasie ontwrig en leerlinge se vordering strem, ter=wyl 'n groter persentasie laerskoolhoofde as hoërskool=hoofde aandui dat onderwysersopleiding nie die mede=verantwoordelikheid van die skole is nie.

'n Vergelyking van die algemene ontledings van tabel 98 met die van tabel 89 toon 'n groot mate van ooreenkoms in die bevindings. In tabel 89 is nl. bevind dat 79.1% van die hoofde dit in 'n hoë mate tot heeltemal verwelkom om met onderwysersopleiding behulpsaam te wees terwyl volgens tabel 98, 74.7% van die hoofde glad nie of slegs in 'n geringe mate saam=stem dat onderwysersopleiding nie ook die taak van die skole is nie.

Die bevindings van hierdie twee tabelle ten opsigte van skooltipes weerspreek mekaar egter. Volgens tabel 89 verwelkom die laerskoolhoofde in 'n groter mate as die hoërskoolhoofde die geleentheid om met opleiding behulpsaam te wees, terwyl volgens tabel 98 'n groter persentasie laerskoolhoofde as hoërskoolhoofde aandui dat onderwysersopleiding nie die medeverantwoordelikheid van die skole is nie.

b. <u>Oefenonderwystye</u>

(1) In vraag B2 is probeer bepaal watter kwartaal van die jaar die verskillende skole sou ver= kies om studente vir oefenonderwys te ontvang.

Uit 'n ontleding van tabel 99 blyk dit dat die derde kwartaal deur die groot meerderheid van die respon= dente (t.w. 85.1%) verkies word. 78.2% dui aan dat die tweede kwartaal hulle die beste pas terwyl 32.6% die eerste kwartaal en slegs 9.4% die vierde kwar= taal aandui. Dit blyk verder dat daar geen opval= lende verskille in die antwoorde van die verskillende skooltipes voorkom nie.

'n Ontleding van die redes wat respondente by hulle antwoorde aangegee het, toon dat die tweede en derde kwartale feitlik deurgaans verkies word omdat die skoolprogram in hierdie kwartale die beste vlot en die studente gevolglik dan die meeste by hulle oefenonderwys kan baat. Van die redes waarom som= mige hoofde die eerste kwartaal verkies is omdat stu= dente dan met tipiese probleme van die begin van 'n jaar te doen kry en dat studente se hulp in hierdie kwartaal wanneer baie poste dikwels nog nie deur on= derwysers gevul is nie, van groot waarde is.

Die meeste respondente wat die vierde kwartaal as 'n geskikte kwartaal beskou, is dié wat aangedui het dat al vier kwartale hulle ewe goed pas.

(2) In vraag B3 is ondersoek ingestel na die kwartale van die jaar wanneer dit vir skole on= gerieflik is om studente te ontvang.

TABEL 100.

KWARTALE WANNEER DIT VIR SKOLE ONGERIEFLIK IS OM STUDENTE VIR OEFENONDERWYS TE ONTVANG.

| | EERSTE | | TWEEDE | | DERDE | | VIERDE | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 6 | 85.7 | 0 | 0.0 | 1 | 14.2 | 6 | 85.7 | 7 |
| Laerskole. | 85 | 61.1 | 16 | 11.5 | 7 | 5.0 | 113 | 81.2 | 139 |
| Hoërskole. | 30 | 58.8 | 6 | 11.7 | 9 | 17.6 | 45 | 88.2 | 51 |
| Spesiale skole. | 2 | 40.0 | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 3 | 60.0 | 5 |
| TOTAAL. | 123 | 60.8 | 23 | 11.3 | 17 | 8.4 | 167 | 82.6 | 202 |

TABEL 101.

OF SKOOLHOOFDE SELF DIE STUDENTE TEN OPSIGTE VAN DIE SKOOLORGANISASIE EN HULLE VERANTWOORDELIKHEDE INLIG.

| | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 14.2 | 0 | 0.0 | 6 | 85.7 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 2 | 1.4 | 7 | 5.0 | 12 | 8.6 | 25 | 17.9 | 93 | 66.9 | 0 | 139 |
| Hoërskole. | 1 | 1.9 | 4 | 7.8 | 11 | 21.5 | 10 | 19.6 | 25 | 49.0 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 2 | 40.0 | 3 | 60.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 3 | 1.4 | 11 | 5.4 | 24 | 11.8 | 37 | 18.3 | 127 | 62.8 | 0 | 202 |

Volgens tabel 100 is dit vir 82.6% van die respon= dente ongerieflik om studente in die vierde kwartaal te ontvang. Die feit dat in hierdie kwartaal hersie= ning gedoen en eksamen geskryf word, word deurgaans as die rede genoem. Van die respondente dui 60.8% aan dat dit vir hulle ongerieflik is om studente tydens die eerste kwartaal te ontvang. Die vernaamste redes wat genoem word, is dat dit die meeste skole etlike weke neem om goed op dreef te kom en dat onderwysers en kinders mekaar self nog moet leer ken.

Uit die gegewens van tabelle 99 en 100 is dit duidelik dat die tweede en derde kwartale die tydperke is wanneer studente met die minste ongerief en ont= wrigting vir die skole vir oefenonderwys uitgestuur kan word. In hierdie kwartale kan studente dus beter aandag van onderwysers en hoofde verwag.

c. Organisasie van oefenonderwys

(1) In vraag B4 word deur middel van 'n agtal vrae sekere aspekte van die skole se oefenon= derwysprogram ontleed.

(a) In die eerste plek wou vasgestel word of skoolhoofde self die studente toespreek en hulle inlig oor die skoolorganisasie en wat hulle verantwoor= delikhede by die skool sal wees. Dit blyk uit 'n ontleding van tabel 101 dat die meerderheid van die respondente (t.w. 62.8%) altyd self hierdie taak ver= rig, terwyl 'n verdere 30.1% (3+4) dit taamlik dik= wels tot dikwels self doen. 'n Vergelyking van skool= tipes toon dat minder as die helfte (t.w. 49.0%) van

TABEL 102.

OF SKOOLHOOFDE SELF ALLE ASPEKTE VAN DIE OEFENONDERWYSORGANISASIE BEHARTIG.

| | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 1 | 14.2 | 0 | 0.0 | 1 | 14.2 | 0 | 0.0 | 5 | 71.4 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 13 | 9.3 | 20 | 14.3 | 22 | 15.8 | 31 | 22.3 | 53 | 38.1 | 0 | 139 |
| Hoërskole. | 13 | 25.4 | 18 | 35.2 | 8 | 15.6 | 5 | 9.8 | 7 | 13.7 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 0 | 0.0 | 2 | 40.0 | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 2 | 40.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 27 | 13.3 | 40 | 19.8 | 32 | 15.8 | 36 | 17.8 | 67 | 33.1 | 0 | 202 |

TABEL 103.

OF 'N VISE-HOOF OF 'N ANDER LID VAN DIE SKOOLPERSONEEL DIE OEFEN=ONDERWYSORGANISASIE BEHARTIG.

| | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 3 | 42.8 | 0 | 0.0 | 1 | 14.2 | 0 | 0.0 | 3 | 42.8 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 66 | 47.4 | 31 | 22.3 | 14 | 10.0 | 16 | 11.5 | 7 | 5.0 | 5 | 139 |
| Hoërskole. | 9 | 17.6 | 3 | 5.8 | 6 | 11.7 | 11 | 21.5 | 22 | 43.1 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 1 | 20.0 | 1 | 20.0 | 1 | 20.0 | 2 | 40.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 79 | 39.1 | 35 | 17.3 | 22 | 10.8 | 29 | 14.3 | 32 | 15.8 | 5 | 202 |

die hoërskoolhoofde self altyd die studente inlig, terwyl by die ander skooltipes hierdie persentasies heelwat hoër is, nl. respektiewelik 85.7%, 66.9% en 60.0% by juniorskole, laerskole en spesiale skole.

(b) Tweedens is nagegaan of hoofde alle aspekte van die oefenonderwysorganisasie self behartig. In tabel 102 word dit aangetoon dat ongeveer die helfte van die respondente, t.w. 50.9% altyd of dikwels self die oefenonderwysorganisasie behartig, 15.8% doen dit taamlik dikwels self en 33.1% (1+2) nooit of slegs af en toe.

'n Vergelyking tussen laerskool- en hoërskool=hoofde toon dat die meerderheid van die laerskool=hoofde, t.w. 60.4% (4+5) dikwels tot altyd die oefen=onderwysorganisasie self behartig terwyl die meerder=heid van die hoërskoolhoofde, t.w. 60.6% (1+2) dit nooit of slegs af en toe self doen.

(c) Die mate waarin 'n vise-hoof of 'n ander lid van die personeel die oefenonderwysorganisa=sie behartig, word in tabel 103 uiteengesit. Hier=volgens is dit duidelik dat dit in die meerderheid van die gevalle, nl. 56.4% (1+2) nooit of slegs af en toe die gebruik is.

Ontleed volgens skooltipes blyk dit dat in die geval van laerskole die meerderheid van die hoofde, t.w. 69.7% (1+2) rapporteer dat 'n vise-hoof of 'n ander personeellid nooit of slegs af en toe die oefen=onderwysorganisasie behartig, terwyl die meerderheid van die hoërskoolhoofde (64.6% = 4+5) dit dikwels tot altyd so laat doen.

TABEL 104.

OF SKOOLHOOFDE OEFENONDERWYS VOLGENS 'N VASTE PLAN IN SAMEWERKING MET DIE VISE-HOOF(DE) EN PERSONEELLEDE REëL.

| | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 1 | 14.2 | 1 | 14.2 | 1 | 14.2 | 2 | 28.5 | 1 | 14.2 | 1 | 7 |
| Laerskole. | 21 | 15.1 | 13 | 9.3 | 14 | 10.0 | 32 | 23.0 | 58 | 41.7 | 1 | 139 |
| Hoërskole. | 2 | 3.9 | 5 | 9.8 | 8 | 15.6 | 8 | 15.6 | 26 | 50.9 | 2 | 51 |
| Spesiale skole. | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 1 | 20.0 | 1 | 20.0 | 2 | 40.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 25 | 12.3 | 19 | 9.4 | 24 | 11.8 | 43 | 21.2 | 87 | 43.0 | 4 | 202 |

TABEL 105.

OF STUDENTE AS 'N GROEP LESSE VAN BEKWAME ONDERWYSERS BYWOON.

| | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 6 | 85.7 | 1 | 14.2 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 86 | 61.8 | 32 | 23.0 | 10 | 7.1 | 4 | 2.8 | 6 | 4.3 | 1 | 139 |
| Hoërskole. | 33 | 64.7 | 7 | 13.7 | 8 | 15.6 | 1 | 1.9 | 2 | 3.9 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 3 | 60.0 | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 20.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 128 | 63.3 | 41 | 20.2 | 18 | 8.9 | 5 | 2.4 | 9 | 4.4 | 1 | 202 |

(d) Of skoolhoofde die oefenonderwys volgens 'n vaste plan, waarby alle personeellede betrek word, reël, word in tabel 104 nagegaan. Volgens hier= die gegewens blyk dit dat die meerderheid van die re= spondente t.w. 63.2% (4+5) dikwels tot altyd volgens so 'n voorafbeplande program te werk gaan. Volgens skooltipes ontleed, blyk dit dat feitlik gelyke per= sentasie laer- en hoërskoolhoofde dikwels tot altyd hierdie metode volg, nl. 64.7% (4+5) van die laer= skoolhoofde en 66.5% (4+5) van die hoërskoolhoofde.

Heelwat meer laerskoolhoofde as hoërskoolhoofde (15.1% teenoor 3.9%) reël hulle oefenonderwys egter glad nie volgens 'n vaste plan nie.

(e) Vervolgens wou in tabel 105 vas= gestel word of studente in die geleentheid gestel word om as groep lesse van bekwame onderwysers by te woon. 'n Ontleding van die tabel toon dat hierdie praktyk baie selde toegepas word, aangesien 63.3% van die respondente verklaar dat dit nooit gereël word nie terwyl volgens 20.2% dit af en toe plaasvind. By slegs 15.7% (3-5) van die skole word studente taam= lik dikwels tot altyd in die geleentheid gestel om as groep na bekwame onderwysers te luister.

'n Ontleding volgens skooltipes toon geen opval= lende verskille ten opsigte van hierdie gebruik aan nie.

(f) In tabel 106 word aangetoon hoe dikwels studente in die loop van 'n oefenonderwystyd= perk van klasse verwissel om sodoende ondervinding

TABEL 106.

OF STUDENTE IN DIE LOOP VAN DIE OEFENONDERWYSTYDPERK VAN KLASSE VERWISSEL OM SODOENDE ONDERVINDING VAN SWAK EN GOEIE KLASSE OP TE DOEN.

| | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 2 | 28.5 | 0 | 0.0 | 1 | 14.2 | 2 | 28.5 | 2 | 28.5 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 22 | 15.8 | 18 | 12.9 | 29 | 20.8 | 23 | 16.5 | 45 | 32.3 | 2 | 139 |
| Hoërskole. | 6 | 11.7 | 2 | 3.9 | 9 | 17.6 | 13 | 25.4 | 19 | 37.2 | 2 | 51 |
| Spesiale skole. | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 2 | 40.0 | 3 | 60.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 30 | 14.8 | 20 | 9.9 | 39 | 19.3 | 40 | 19.8 | 69 | 34.1 | 4 | 202 |

TABEL 107.

OF STUDENTE PERSONEELVERGADERINGS BYWOON.

| | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 6 | 85.7 | 1 | 14.2 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 96 | 69.0 | 23 | 16.5 | 5 | 3.5 | 7 | 5.0 | 6 | 4.3 | 2 | 139 |
| Hoërskole. | 31 | 60.7 | 8 | 15.6 | 4 | 7.8 | 3 | 5.8 | 4 | 7.8 | 1 | 51 |
| Spesiale skole. | 2 | 40.0 | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 1 | 20.0 | 1 | 20.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 135 | 66.8 | 33 | 16.3 | 9 | 4.4 | 11 | 5.4 | 11 | 5.4 | 3 | 202 |

van swak en goeie klasse op te doen. 'n Ontleding van die tabel toon dat die gebruik by 53.9% (4+5) van die skole dikwels tot altyd gevolg word, terwyl 19.3% dit taamlik dikwels en 24.7% (1+2) dit nooit of slegs af en toe toepas.

'n Ontleding volgens skooltipes toon geen opval= lende verskille ten opsigte van hierdie gebruik nie.

(g) In tabel 107 word gepoog om vas te stel of hoofde die gebruik het om studente personeel= vergaderings te laat bywoon.

Dit blyk uit 'n ontleding van die tabel dat volgens die meerderheid van die respondente (66.8%) dit nooit gebeur nie en volgens 16.3% slegs af en toe. 15.2% (3-5) verklaar dat studente taamlik dikwels tot altyd die personeelvergaderings bywoon.

'n Ontleding volgens skooltipes toon andermaal geen belangrike verskille aan nie.

(h) Laastens is probeer uitvind of af= studerende studente die geleentheid gegee word om vir tydperke van 'n week of langer die onderwysers se volle program oor te neem, alhoewel onder toesig en beheer van die betrokke onderwysers.

Dit blyk uit tabel 108 dat terwyl 37.0% (4+5) van die respondente verklaar dat afstuderende studente dikwels tot altyd sulke geleenthede kry en 18.8% taam= lik dikwels, verklaar 43.5% (1+2) dat afstuderende studente nooit of slegs af en toe onderwysers se volle program kan oorneem.[1]

---

1) Kyk ook tabel 140.

TABEL 108.

**OF AFSTUDERENDE STUDENTE DIE GELEENTHEID KRY OM VIR 'N TYDPERK VAN 'N WEEK OF LANGER 'N ONDERWYSER SE VOLLE PROGRAM OOR TE NEEM, ALHOEWEL ONDER TOESIG EN BEHEER VAN DIE ONDERWYSER.**

| | 1 NOOIT | | 2 AF EN TOE | | 3 TAAMLIK DIKWELS | | 4 DIKWELS | | 5 ALTYD | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 1 | 14.2 | 3 | 42.8 | 0 | 0.0 | 1 | 14.2 | 2 | 28.5 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 31 | 22.3 | 27 | 19.4 | 29 | 20.8 | 16 | 11.5 | 35 | 25.1 | 1 | 139 |
| Hoërskole. | 15 | 29.4 | 8 | 15.6 | 8 | 15.6 | 8 | 15.6 | 12 | 23.5 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 2 | 40.0 | 1 | 20.0 | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 1 | 20.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 49 | 24.2 | 39 | 19.3 | 38 | 18.8 | 25 | 12.3 | 50 | 24.7 | 1 | 202 |

TABEL 109.

OF OPLEIDINGSINRIGTINGS VERLANG DAT SKOOLHOOFDE 'N VERSLAGVORM OOR STUDENTE MOET VOLTOOI.

| | JA | | NEE | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | |
| Juniorskole. | 7 | 100.0 | 0 | 0.0 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 137 | 98.5 | 2 | 1.4 | 0 | 139 |
| Hoërskole. | 49 | 96.0 | 2 | 3.9 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 5 | 100.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 198 | 98.0 | 4 | 1.9 | 0 | 202 |

Ten opsigte van hierdie vraag is daar volgens skooltipes geen duidelike verskille op te merk nie.

Samevattend blyk die volgende ten opsigte van die organisasie van oefenonderwys by die betrokke skole:

Eerstens het dit aan die lig gekom dat die meerderheid van die hoofde van die verskillende skooltipes die oefenonderwys by hulle skole gereeld volgens 'n vaste plan laat verloop. Hierdie program betrek gewoonlik die hoof self, die vise-hoof(de) en die personeel. Dit blyk verder dat ongeveer die helfte van die hoofde self alle aspekte van die oefenonderwysorganisasie behartig. Die groot meerderheid lig egter self die studente in ten opsigte van die skoolorganisasie en omtrent studente se verantwoordelikhede en pligte tydens oefenonderwys. Hoërskoolhoofde laat in die meerderheid van die gevalle die organisasie aan 'n vise-hoof of 'n ander personeellid oor.

Voorts blyk die volgende ten opsigte van enkele prosedures en gebruike waaroor navraag gedoen is:

Dit is aangetoon dat die gebruik om studente in groepe na bekwame onderwysers se lesse te laat luister deur die meeste skole nooit of baie selde toegepas word.

Die meeste hoofde laat studente in die loop van die oefenonderwystydperk van klasse verwissel om sodoende van verskillende klasse ondervinding te kan opdoen.

TABEL 110.

PERSONE WAT BY DIE SKOLE VERSLAG LEWER OOR STUDENTE.

| | | JUNIOR-SKOLE | LAER-SKOLE | HOëR-SKOLE | SPESIALE SKOLE | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoof, na bespreking met betrokke onderwyser(s). | N<br>% | 5<br>71.4 | 86<br>61.8 | 22<br>43.1 | 3<br>60.0 | 116<br>57.4 |
| Hoof, na bespreking met volle personeel. | N<br>% | 1<br>14.2 | 7<br>5.0 | 0<br>0.0 | 1<br>20.0 | 9<br>4.4 |
| Hoofde alleen. | N<br>% | 0<br>0.0 | 0<br>0.0 | 3<br>5.8 | 1<br>20.0 | 4<br>1.9 |
| 'n Personeellid alleen. | N<br>% | 0<br>0.0 | 2<br>1.4 | 11<br>21.5 | 1<br>20.0 | 14<br>6.9 |
| 'n Personeellid onder hoof se kontrole. | N<br>% | 3<br>42.8 | 50<br>35.9 | 18<br>35.2 | 1<br>20.0 | 72<br>35.6 |

TABEL 111.

OF DIT VIR SKOOLHOOFDE EN HULLE PERSONEEL MOONTLIK IS OM NA 'N OEFENONDERWYSTYDPERK DEEGLIK VERSLAG TE LEWER OOR STUDENTE.

| | JA | | NEE | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | |
| Juniorskole. | 3 | 42.8 | 4 | 57.1 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 110 | 79.1 | 28 | 20.1 | 1 | 139 |
| Hoërskole. | 32 | 62.7 | 18 | 35.2 | 1 | 51 |
| Spesiale skole. | 4 | 80.0 | 1 | 20.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 149 | 73.7 | 51 | 25.2 | 2 | 202 |

TABEL 112.

OF SKOOLHOOFDE GEREELDE VOELING HET MET DIE OPLEIDINGSINRIGTING(S) WAT STUDENTE VIR OEFEN=ONDERWYS NA HULLE SKOLE STUUR.

| | JA | | NEE | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | |
| Juniorskole. | 2 | 28.5 | 5 | 71.4 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 67 | 48.2 | 72 | 51.7 | 0 | 139 |
| Hoërskole. | 27 | 52.9 | 24 | 47.0 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 2 | 40.0 | 3 | 60.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 98 | 48.5 | 104 | 51.4 | 0 | 202 |

Dit blyk dat die oorgrote meerderheid van die hoofde nie vereis dat studente personeelvergaderings moet bywoon nie.

Minder as die helfte van die hoofde rapporteer dat hulle aan afstuderende studente gereeld die ge= leentheid gee om vir 'n week of langer 'n onderwyser se volle program oor te neem om sodoende kennis te maak met die volle omvang van die onderwyser se daag= likse verantwoordelikhede.

(2) In vraag B5 is ondersoek ingestel na die gebruik om vertroulike verslae oor studente vir die opleidingsinrigtings op te stel.

(a) Op die vraag of die opleidings= inrigtings verlang dat hoofde vertroulike verslae oor die studente moet lewer, blyk dit uit tabel 109 dat feitlik alle inrigtings (t.w. 98.0%) sodanige verslae van die hoofde verwag.

(b) Voorts wou vasgestel word watter persone vir die opstelling van die verslae oor studen= te verantwoordelik is. Volgens tabel 110 blyk dit dat in die meeste gevalle (nl. 57.4%) die verslae deur die hoofde na bespreking met die betrokke onder= wysers opgestel word. Die volgende belangrikste metode, wat deur 35.6% van die hoofde toegepas word, is dat 'n personeellid onder die hoof se kontrole vir die verslag verantwoordelik is.

'n Ontleding volgens skooltipes toon dat hierdie twee metodes by al vier skooltipes die belangrikste is.

(c) Laastens is nagegaan of dit vir skoolhoofde en hulle personeel moontlik is om na 'n oefenonderwystydperk deeglik verslag oor studente te lewer. Soos blyk uit 111 verklaar die meerder=heid (t.w. 73.7%) van die respondente dat dit wel moontlik is. Volgens die kommentaar deur responden=te wat ontkennend antwoord op dié vraag is die redes vir die onvermoë soos volg: In die meeste gevalle word genoem dat 'n tydperk van drie of vier weke te kort is om studente bevredigend te leer ken. Die mees algemene rede wat hoërskoolhoofde aanvoer is dat onderwysers nie die nodige aandag aan studente kan gee nie as gevolg van hul vele verpligtinge.

d. <u>Skakeling met opleidingsinrigtings</u>

In afdeling B6 van die vraelys is enke=le vrae gestel in verband met die skakeling tussen op=leidingsinrigtings en die skole.

(1) Eerstens is probeer bepaal of skool=hoofde goeie en gereelde voeling het met die oplei=dingsinrigtings wat studente vir oefenonderwys na hulle skole stuur. Uit die gegewens van tabel 112 blyk dat net meer as die helfte (t.w. 51.4%) van die

respondente van mening is dat hulle skakeling met opleidingsinrigtings nie goed is nie.

Wat skooltipes betref, is die antwoorde van hoërskoolhoofde die mees positiewe. Hier verklaar 52.9% dat hulle wel bevredigende voeling met die op= leidingsinrigtings het.

Tabel 112 toon dus 'n klaarblyklike leemte in die opleidingsinrigtings se pogings om noue kontak met hulle oefenskole te kry en te behou.

(2) Vervolgens is nagegaan of skoolhoofde bevredigende skakeling met dosente van die opleidings= inrigtings het. Uit 'n ontleding van tabel 113 blyk dat slegs 18.3% van mening is dat die skakeling wel na wense is. Die grootste persentasie, nl. 68.6% beskryf die gehalte van die skakeling as gemiddeld en 10.3% beskou dit as glad nie goed nie.

Hieruit kan afgelei word dat daar 'n nouer skake= ling en samewerking tussen skoolhoofde en dosente van die opleidingsinrigtings behoort te wees.

(3) Ten slotte is nagegaan of skoolhoofde dit wel nodig vind dat dosente die studente tydens oefenonderwys by die skole moet besoek. Die gege= wens van tabel 114 toon dat hoofde feitlik eenparig in hulle antwoorde is, aangesien 93.0% aandui dat hulle dit wel nodig vind.

TABEL 113.

OF SKOOLHOOFDE BEVREDIGENDE SKAKELING MET DOSENTE VAN DIE OPLEIDINGSINRIGTINGS HET.

| | NEE | | GEMIDDELD | | JA | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 0 | 0.0 | 5 | 71.2 | 1 | 14.2 | 1 | 7 |
| Laerskole. | 15 | 10.7 | 94 | 67.5 | 28 | 20.1 | 2 | 139 |
| Hoërskole. | 5 | 9.8 | 37 | 72.4 | 7 | 13.7 | 2 | 51 |
| Spesiale skole. | 1 | 20.0 | 3 | 60.0 | 1 | 20.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 21 | 10.3 | 139 | 68.6 | 37 | 18.3 | 5 | 202 |

TABEL 114.

OF SKOOLHOOFDE DIT NODIG VIND DAT DOSENTE DIE STUDENTE BY HULLE SKOLE BESOEK.

| | JA | | NEE | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | |
| Juniorskole. | 6 | 85.7 | 1 | 14.2 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 129 | 92.8 | 9 | 6.4 | 1 | 139 |
| Hoërskole. | 48 | 94.1 | 3 | 5.8 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 5 | 100.0 | 0 | 0.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 188 | 93.0 | 13 | 6.4 | 1 | 202 |

Samevattend kan dus afgelei word dat hoofde van mening is dat hulle skakeling met die opleidingsinrig=tings asook met die dosente wat die studente by hulle skole kom besoek, behoort te verbeter. Verder is hulle beslis van mening dat dosente se besoeke aan die studente by hulle skole nodig is.

Uit die skriftelike kommentaar wat sommige res=pondente by hulle antwoorde op hierdie vrae aangebring het, is dit egter opmerklik dat hoofde die gebruik van sommige dosente om slegs kritieklesse te kom aan=hoor, sterk veroordeel. Hieruit kan afgelei word dat hoofde dit wel noodsaaklik vind dat dosente die stu=dente kom besoek, maar dat die besoeke naas die evalu=eringsfunksie ook duidelik leiding en advies aan stu=dente moet insluit.

e. <u>Hoofde se menings oor oefenonderwysbeleid en -praktyk</u>

Die laaste afdeling van die vraelys aan skoolhoofde, nl. vraag B7, is gewy aan die onder=soek na sekere aspekte van die oefenonderwyspraktyk en -beleid en die vasstelling van skoolhoofde se menings ten opsigte van enkele moontlike wyses waar=volgens oefenonderwys gereël kan word.

(1) In die eerste plek wil vasgestel word wat skoolhoofde as die skool se taak beskou ten op=sigte van die praktiese opleiding van onderwysers. In die vraag is respondente versoek om aan te dui of hulle van mening is dat skole die medeverantwoord=

TABEL 115.

WAT SKOOLHOOFDE AS DIE SKOOL SE TAAK BESKOU TEN OPSIGTE VAN DIE PRAKTIESE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

| | | JUNIOR-SKOLE | LAER-SKOLE | HOëR-SKOLE | SPESIALE SKOLE | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Skole moet mede verantwoordelikheid vir die praktiese opleiding van onderwysers aanvaar. | N<br>% | 3<br>42.8 | 93<br>66.9 | 38<br>74.5 | 2<br>40.0 | 136<br>67.3 |
| Skole behoort net hulle fasiliteite tot beskikking van opleidingsinrigtings te stel. | N<br>% | 4<br>57.1 | 44<br>31.6 | 13<br>25.4 | 3<br>60.0 | 64<br>31.6 |
| Geen antwoord. | N | 0 | 2 | 0 | 0 | 2 |
| TOTAAL. | N | 7 | 139 | 51 | 5 | 202 |

TABEL 116.

OF SKOOLHOOFDE (OF HULLE VERTEENWOORDIGERS) DIE TYD HET OM BEHOORLIKE AANDAG AAN AL DIE ASPEKTE VAN OEFENONDERWYS TE SKENK.

| | NEE | | SOMS | | JA | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 2 | 28.5 | 5 | 71.2 | 0 | 0.0 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 41 | 29.4 | 87 | 62.4 | 7 | 5.0 | 4 | 139 |
| Hoërskole. | 13 | 25.4 | 34 | 66.5 | 3 | 5.8 | 1 | 51 |
| Spesiale skole. | 0 | 0.0 | 4 | 80.0 | 1 | 20.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 56 | 27.7 | 130 | 64.2 | 11 | 5.4 | 5 | 202 |

delikheid vir die praktiese opleiding van onderwysers moet aanvaar en of skole slegs hulle fasiliteite tot beskikking van opleidingsinrigtings moet stel. Uit die ontleding van tabel 115 blyk dat die meerderheid van die respondente (t.w. 67.3%) wel van mening is dat skole medeverantwoordelikheid vir die praktiese opleiding moet aanvaar. Ontleed volgens skooltipes blyk dit dat die twee grootste groepe, t.w. laerskool=hoofde en hoërskoolhoofde albei grootliks hierdie mening toegedaan is.

(2) Vervolgens is nagegaan of hoofde (of die persone wat namens hulle die oefenonderwysorgani=sasie behartig) die tyd het om behoorlik aandag aan al die aspekte van oefenonderwys te skenk.

Soos blyk uit tabel 116 verklaar slegs 'n baie klein persentasie (5.4%) dat hulle wel die tyd het, terwyl die grootste persentasie, nl. 64.2% in 'n mindere of meerdere mate (soms) genoegsame aandag aan oefenonderwys kan skenk. Meer as 'n kwart (27.7%) van die respondente verklaar dat hulle nie die tyd daarvoor het nie.

Die ontleding volgens skooltipes toon dat die twee grootste groepe, nl. laerskoolhoofde en hoër=skoolhoofde in 'n hoë mate eenders op die vrae ge=reageer het.

Uit die gegewens van tabelle 115 en 116 kan dus afgelei word dat die groot meerderheid hoofde die medeverantwoordelikheid vir die praktiese opleiding van onderwysers aanvaar. Hulle meen egter dat hulle

TABEL 117.

OF SKOOLHOOFDE DINK DAT DIT NODIG EN TOT VOORDEEL VAN DIE STUDENTE IS INDIEN 'N PERSONEELLID VAN 'N SKOOL TYDENS OEFENONDERWYS GEDEELTELIK VAN SY GEWONE PLIGTE VRYGESTEL KAN WORD OM DIE OPLEIDING VAN DIE STUDENTE BY DIE SKOOL TE BEPLAN EN TE KOÖRDINEER.

| | JA | | NEE | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | |
| Juniorskole. | 1 | 14.2 | 4 | 57.1 | 2 | 7 |
| Laerskole. | 63 | 45.3 | 73 | 52.5 | 3 | 139 |
| Hoërskole. | 23 | 45.0 | 28 | 54.9 | 0 | 51 |
| Spesiale skole. | 0 | 0.0 | 5 | 100.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 87 | 43.0 | 110 | 54.4 | 5 | 202 |

TABEL 118.

SKOOLHOOFDE SE STANDPUNT TEN OPSIGTE VAN 'N LANGER EN ONONDERBROKE TYDPERK VAN OEFENONDERWYS, BV. 'N HELE KWARTAAL.

| | JA | | NEE | | GEEN ANTWOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | N |
| **Hoofde van:** | | | | | | |
| Juniorskole. | 2 | 28.5 | 5 | 71.4 | 0 | 7 |
| Laerskole. | 77 | 55.3 | 60 | 43.1 | 2 | 139 |
| Hoërskole. | 21 | 41.1 | 29 | 56.8 | 1 | 51 |
| Spesiale skole. | 3 | 60.0 | 2 | 40.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 103 | 50.9 | 96 | 47.5 | 3 | 202 |

nie die tyd het om na behore aandag aan die opleiding van studente wat vir oefenonderwys na hulle skole ge= stuur word, te skenk nie.

(3) Derdens is nagegaan of skoolhoofde dink dat dit nodig is en dat dit tot voordeel van die studente sal wees as 'n personeellid van 'n skool tydens oefenonderwys gedeeltelik van sy gewone pligte vrygestel kan word ten einde die opleiding van die studente by die skool te beplan en te koördineer.

Soos blyk uit 'n ontleding van tabel 117 is die meerderheid van die respondente, nl. 54.5%, nie ten gunste van so 'n moontlikheid nie. Dit blyk ook dat die laer- en hoërskoolhoofde in 'n groot mate eenders op die vraag gereageer het.

Die redes vir die hoofde se reaksie op die vraag blyk uit kommentaar wat by die antwoorde verstrek is. Die mees algemene kommentaar is dat so 'n reëling onuitvoerbaar en onprakties sal wees aangesien skole dit nie kan bekostig om 'n personeellid gedeeltelik van sy gewone pligte vry te stel nie. Ander respon= dente verklaar dat so 'n stap wel tot voordeel van die studente, maar nie in die beste belang van die leer= linge sal wees nie. Dit sou beteken dat die be= trokke onderwyser se lesse deur ander onderwysers of selfs studente behartig moet word.

(4) In die volgende vraag is hoofde se standpunt oor 'n langer en ononderbroke tydperk van oefenonderwys, bv. 'n hele kwartaal gepeil. Soos blyk uit tabel 118 is 50.9% van die respondente ten

gunste van so 'n moontlikheid, terwyl feitlik 'n ge= lyke persentasie nl. 47.5% hulle daarteen uitspreek.

Ontleed volgens skooltipes is dit opvallend dat ten opsigte van laer- en hoërskole, die meerderheid van die laerskoolhoofde, t.w. 55.3%, ten gunste van so 'n langer oefenonderwystydperk is, terwyl die meerderheid van die hoërskoolhoofde (t.w. 56.8%) daarteen is.

Die hoofde wat die suggestie onderskryf, se re= des kan soos volg saamgevat word: Die gebruiklike tydperke van hoogstens 'n maand is te kort om aan studente bepaalde verantwoordelikhede op te dra. Hulle word dus gewoonlik maar net verdra en slegs toegelaat om die minimum getal lesse te gee sodat hulle die minimum skade kan aanrig. Met 'n langer tydperk van bv. 'n kwartaal tot hul beskikking kan definitiewe verantwoordelikhede, bv. ten opsigte van een of meer vakke vir so 'n tydperk aan hulle opge= dra word. Verskeie hoofde ondersteun die gedagte op voorwaarde dat slegs senior studente so gebruik word, en ander weer op voorwaarde dat die dosente dan met werklike praktiese opleiding behulpsaam moet wees en nie bloot kritieklesse moet kom aanhoor nie.

Die hoofde wat nie ten gunste van 'n langer tyd= perk van oefenonderwys is nie, se redes is hoofsaak= lik die volgende: Onderwysers het alreeds te min tyd om behoorlike aandag aan studente te skenk; 'n langer tydperk sal die probleme net vererger; so 'n reëling mag vir studente waardevol wees maar sal die leerlinge te veel skade laat ly.

TABEL 119.

WATTER KWARTAAL HOOFDE, WAT TEN GUNSTE VAN 'N HELE KWARTAAL OEFENONDERWYS IS, SAL VERKIES.

| | EERSTE | | TWEEDE | | DERDE | | VIERDE | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | | | | | |
| Juniorskole. | 0 | 0.0 | 2 | 28.5 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 5 | 7 |
| Laerskole. | 12 | 8.6 | 52 | 37.4 | 28 | 20.1 | 7 | 5.0 | 40 | 139 |
| Hoërskole. | 4 | 7.8 | 15 | 29.4 | 4 | 7.8 | 1 | 1.9 | 27 | 51 |
| Spesiale skole. | 0 | 0.0 | 2 | 40.0 | 2 | 40.0 | 0 | 0.0 | 1 | 5 |
| TOTAAL. | 16 | 7.9 | 71 | 35.1 | 34 | 16.8 | 8 | 3.9 | 73 (36.1%) | 202 |

TABEL 120.

SKOOLHOOFDE SE STANDPUNT TEN OPSIGTE VAN MINDER OEFENONDERWYS GEDURENDE DIE OPLEIDINGSTYD MET 'N LANG TYDPERK PRAKTIESE ONDERWYS AS DEEL VAN EN AAN DIE EINDE VAN DIE STUDENT SE OPLEIDING.

| | JA | | NEE | | GEEN ANT-WOORD | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | N |
| Hoofde van: | | | | | | |
| Juniorskole. | 2 | 28.5 | 4 | 57.1 | 1 | 7 |
| Laerskole. | 57 | 41.0 | 75 | 53.9 | 7 | 139 |
| Hoërskole. | 22 | 43.1 | 27 | 52.9 | 2 | 51 |
| Spesiale skole. | 1 | 20.0 | 4 | 80.0 | 0 | 5 |
| TOTAAL. | 82 | 40.5 | 110 | 54.4 | 10 | 202 |

(5) In aansluiting by die vorige vraag, is respondente wat ten gunste van 'n hele kwartaal oefen= onderwys is, gevra om aan te dui watter kwartaal vir so 'n reëling verkies word. 'n Ontleding van tabel 119 toon dat die tweede kwartaal deur die grootste persentasie, nl. 35.1% as die geskikste kwartaal aan= gewys word. Die grootste persentasie van elke skool= tipe verkies die tweede kwartaal. Die feit dat 36.1% van die ondersoekgroep nie die vraag beantwoord het nie, terwyl 47.5% volgens tabel 118 nie ten gunste van 'n kwartaal oefenonderwys is nie, beteken dat meer hoofde as wat ten gunste van die suggestie is, op hierdie vraag geantwoord het.

Te oordeel na die redes wat respondente vir hulle keuses aangee, blyk dit dat die tweede en in 'n mindere mate die derde kwartale aangewys word as die tydperke waarin die meeste werk in die klasse ge= doen word, en wanneer studente die meeste kan leer. Die belangrikste rede waarom 'n groep hoofde (7.9%) die eerste kwartaal aandui, is sodat studente in on= gevulde poste kan waarneem. Die 3.9% wat die vier= de kwartaal verkies, noem die moontlikheid dat stu= dente wat die volgende jaar by hulle skole aangestel is of sal word, dan reeds ingelyf kan word by die skole indien hulle daarheen gestuur sou word.

(6) Laastens is skoolhoofde versoek om hulle standpunt oor minder oefenonderwys gedurende die student se opleiding te stel. Die suggestie van minder oefenonderwys maar dan 'n langer tydperk van bv. 'n jaar praktiese onderwys aan die einde van sy opleiding aan die opleidingsinrigting is voorgestel.

Die betekenis wat aan die begrip praktiese on= derwys hier geheg word, impliseer dat studente by skole aktief en voltyds onderwys sal gee as deel van hulle opleiding. Te oordeel na die bykomstige kom= mentaar van respondente het hulle die vraag wel so verstaan.

'n Ontleding van tabel 120 toon dat 40.5% van die skoolhoofde ten gunste van so 'n reëling is, terwyl die meerderheid, t.w. 54.4% hulle daarteen uitspreek. Dit is verder opmerklik dat die meerder= heid van die respondente van al vier die skooltipes teen so 'n tydperk van „vakleerlingskap", soos som= mige dit bestempel het, gekant is.

Die kommentaar wat skoolhoofde na aanleiding van hierdie vraag verskaf het, is taamlik uiteenlo= pend en ook besonder insiggewend. Respondente wat hulle teen die moontlikheid van 'n tydperk van soge= naamde praktiese onderwys uitgespreek het, noem onder andere die volgende redes: Die huidige oefenonder= wystydperke is voldoende, dit moet net deeglik beplan en benut word; skole het alreeds te veel werk; skole is nie opleidingsinrigtings nie; studente moet liewer met 'n verskeidenheid skole kennis maak soos tans die geval is; die onderwysdepartement sal die studente vir goedkoop arbeid gebruik en nie moeite doen om gekwalifiseerde onderwysers vir vakante poste te vind nie; 'n jaar is te lank — as dit móét sal ses maande voldoende wees.

Respondente wat die suggestie ondersteun, doen dit op voorwaarde dat dosente sulke studente gereeld

besoek en in medewerking met die verantwoordelike onderwysers optree; studente vir 'n spesifieke klas of vak(ke) verantwoordelik gemaak word en onder toe=sig van 'n senior-onderwyser werk; skole nog hulle normale personeeltoekenning ontvang; die jaar (of deel van 'n jaar) as 'n proeftydperk gesien word en studente wat deur skole ongeskik bevind word, uit=geskakel sal kan word, terwyl ander wat in die proef=tyd nie 'n sekere minimum-simbool kan behaal nie, vir 'n verdere proeftyd na 'n ander skool moet gaan; studente 'n besoldiging ontvang, hoe gering ook al en dat studente slegs onder die sorg van gekeurde onderwysers geplaas word.

As gevolg van die feit dat 'n groot persentasie van die respondente hulle antwoorde op die onderha=wige vraag kwalifiseer, moet dit aanvaar word dat die gegewens in tabel 120 slegs die voorlopige menings van respondente verteenwoordig. 'n Omvattender ondersoek na hierdie saak is dus nodig voordat tot enige be=troubare gevolgtrekkings gekom kan word.